VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Zetske Deetlefs, Jeanette Fouché, Gerda Geldenhuys, Karin Rautenbach, Nicolas van der Merwe, Cathy van der Walt, Trudie van der Westhuizen.
Maandag:	Ansie Human, Dawie Kriel, Tayla Malherbe, Ansie Nieuwoudt, Ghia Pereira, Marné Schneider, Stiaan van Zyl.
Dinsdag:	Ray Badenhorst.
Woensdag:	Elmarie Janse van Rensburg, Petro Sameul, Heidi van Wyk, Lara van Wyk.
Donderdag:	Retha Oberholzer.
Vrydag:	Wynand Möller, René Pfaff, Petro Viljoen.
Saterdag:	Frida du Toit, Stawie Fouché, Maryke Möller.

**** Verandering (omruiling) op die Jaarprogram / gemeente-almanak ****

Let asseblief daarop dat Sondag 18 Februarie en Sondag 25 Februarie met mekaar plekke ruil. Nagmaal vind dus plaas op 18 Februarie en die kort preekreeks deur Dr. Ryk van Velden vind plaas op 25 & 26 Februarie.

Moet asseblief geen waardevolle items in jou motor laat lê tydens die erediens nie. Abri kan slegs na motors op die parkeerterrein kyk.

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou dankoffer te gee.
NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

AMBEANS KOFFIE
250g koffiebone @ R56
400g gemaalde koffie @ R90
Beskikbaar by die kerkkantoor

GIDEONS BIED AAN: BYBELFONDSONTBYT - 3 Maart om 8:00, Strand Gholfklub
Dr Dion Foster, die bekende dinamiese spreker van die US, sal sekere gedagtes deel oor "wat 'n Bybel kan doen." Inligting oor die Gideons en hul bedrywighede sal verskaf word, asook getuienisse van gevalle waar die Heilige Gees 'n Bybel gebruik het om mense se lewens onomkeerbaar te verander.
Die doel is om genoeg fondse in te samel om 5 500 Bybels teen R25 elk te aankoop vir verspreiding in Suid-Afrika en ander lande.

Huis PAM Brink/Esperanza Versorgingsdiens vir Bejaardes

Verkiesing van nuwe Beheerraad

Hiermee versoek ons enige vrywillige persoon wat sou belangstel om op die Beheerraad van hierdie BADISA program te dien, om die voorgeskrewe Nominasie-vorm by mev Mulder van Huis Esperanza (Tel. 854 7393) te kom afhaal.
Ons benodig kundigheid op Finansiële gebied asook met Fondswerwing.
Vorms moet voor/op 5 Maart 2018 om 13:00 ingehandig word.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 11 FEBRUARIE 2018

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

VANDAG: VERHEERLIKINGSONDAG
09:00 DS EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING MARKUS 9:2-9
TEMA: BLY HIEROP GEFOKUS: DIT GAAN OOR JESUS!

KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS.

19:00: NICOLA ALBERTS EN EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING: MATTEUS 5:21-26
TEMA: DIE ABC VAN KWAADWEES - DIE *JESUS-MANIER*

 # OP WEG - KOM KUIER VOORAF SAAM RONDOM 'N KOPPIE KOFFIE

Baie welkom aan vandag se doopouers:
Stino & Sulanda Baard met Leah

FAMILIEBYEENKOMS in die kerksaal VANDAG direk na die erediens

DEUROFFERS:

Verlede Sondag is R2840 vir die Afgetredenes ingesamel.
Vandag se deuroffer gaan aan die Fonds vir Hulpbehoewendes.
Ons gemeente beskik oor 'n fonds waaruit ons senior burgers van die gemeenskap in noodgevalle help met lewensnoodsaaklikhede. Dié bediening vind plaas in noue samewerking met die Helderberg Vereniging vir Bejaardes.
Volgende week: Liefde na Buite

Leraars:	Hennie Fouché	082 859 5646;	hennie@nghottentotsholland.co.za
	Ewald J van Rensburg	082 451 2584;	ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar:	Nicola Alberts;	074 313 7745;	nicola@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

SONDAG DIENSBEURTE

Datum	Kerkgebou	Huis Vonke
11 Februarie	Marietjie Theron	Geen uitsending
18 Februarie	Hennie Kotze	Karla en Karien Maree
25 Februarie	David du Toit	Dorothy Maree

RES VAN DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag:	15:30	Gebedsgroep
Woensdag:		Aswoensdag
	08:45	Bybelgesprek
	10:00	Bybelstudie: Huis Vonke
Donderdag:	16:00	Macassar Jesusbende
Sondag:	09:00	**Nagmaal** (in kerkgebou en in die saal)

TIENDEMAAND DANKOFFERS



Mikpunt:
R 570 000

Reeds ontvang:
R380 245
(141 bydraes)

Baie dankie aan almal wat reeds bygedra het!!

CAREL VAN DER MERWE BEURSFONDS:

Carel van der Merwe was die seun van ds. Gerjo van der Merwe, die eerste dominee van ons gemeente. Kort na die dood van ds. van der Merwe in 1979 het Carel in 'n ongeluk gesterf. Sy ma het as herinnering aan hom 'n bedrag geld aan die gemeente geskenk. Die Kerkraad van destyds het besluit om die geld te belê en die rente daarvan te gebruik as 'n studiebeurs (vir voorgraadse studies) vir gemeente-kinders. Sedertdien het 'n aantal lidmate die fonds versterk, en daar word ook twee maal per jaar 'n deuroffer opgeneem vir hierdie doel. Die beurs kan help om registrasiefooie te betaal.

Aansoekvorms vir die beurs is by die kerkkantoor en webblad beskikbaar. Bewys van registrasie vir 2018 asook die nuutste uitslae en 'n kort motivering moet saam met die aansoekvorm by die kerkkantoor ingehandig word.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 28 Februarie 2018.

HUIS ANDREW MURRAY VERJAAR

Kom vier 120-jaar van omgee

Wanneer: Saterdag, 24 Februarie
Waar: HAM se sportveld, Wellington
Pretdraf vanaf 8:00, Potjiekos, kosstalletjies, kindervermaak, musiek & HOPE pret.

BYBELGESPREK OP WOENSDAGOGGENDE

08:45 - 09:45 - in die Familiekamer

Wat gebeur as ons (nie) die krag van die Heilige Gees gebruik om met die evangelie (Goeie Nuus) deur die wêreld beweeg?

Raak gerus deel van die gesprek met mekaar en met die Bybel oor die boek **Handelinge**. Jy is welkom om jou vrae te vra, jou mening te gee, of om net te luister. As jy net wil kom sien wat gebeur, is jy baie welkom.

As jy nog nooit hierdie gesprekke bygewoon het nie is hierdie kwartaal dalk net die regte tyd.

HANDELINGE

WêRELDBIDDAG VIR VROUE
VRYDAG, 2 MAART
OM 10:00

By NG Kerk Hottentots-Holland
Die tema: "Hoe Wonderbaar is U Skepping".
Die spreker: Mariëtte van Velden

Almal baie welkom.

AANHOU-WEN GHOLFDAG
STRAND GHOLFBAAN
8 MAART 2018

HOE KAN JY/JOU BESIGHEID BETROKKE RAAK:

- Skryf 'n span in
- Borg 'n bof of putjie
- Skenk 'n prys
- Gee 'n donasie

Kontak vir Christie Fritz (tel 083 780 5953) Christie@aanhouwen.co.za